

Niks los 'n meer bitter smaak in mens se mond as iemand anders se ondankbaarheid nie: "hy's hier weg met sy hande propvol en hy't nie eers dankie gesê nie ... ongeskik!". Van jonks af leer ons die belangrikheid van dankbaarheid in ons kultuur en geloof... "Sê dankie vir die Tannie", "Dank Vader hulle het niks oorgekom nie." Maar ongelukkig word goeie maniere of ordentlikheid met oënskynlike dankbaarheid vermom: "Ons waardeer julle navraag"; "dankie vir die sout aangee." Hierdie tipe dankbaarheid is wat ons oppervlakkige dankbaarheid kan noem of bloot net goeie maniere. Dis belangrik om nie die fout te maak om dankbaarheid met goeie maniere te verwar nie. Opregte dankbaarheid loop baie dieper.

Dankbaarheid kan spontaan van aard wees: "Haai, kyk die sekelmaan op die horison!" "Ek't sopas die beste nuus gekry ...". Ons harte kan tot dankbaarheid geroer word deur die drama van die natuur of 'n verassing. Die dankbaarheid wat mens voel wanneer mens na die hemelruim kyk is wat filosofe na verwys as 'kosmiese dankbaarheid'; 'n dankbaarheid wat nie noodwendig op iets of iemand gerig is nie maar 'n meer as 'n oorweldigende gevoel beskryf kan word, 'n gevoel dat mens deel is van iets groter of selfs net 'n dankbaarheid vir mens se eie bestaan in 'n wêreld wat vrylik gegee is.

Dankbaarheid hoef nie altyd spontaan van aard te wees nie dit kan ook vorm vat as deel van 'n belangrike ritueel, dink aan die nagmaal. Die Griekse woord vir die Nagmaal (Eucharist in Engels) is eukharistia wat dankbaarheid of danksegging beteken. Wanneer ons aan die Here se tafel sit dink ons terug met dankbaarheid aan wat Hy vir ons gedoen het op die kruis van Golgota; ons dink met diep dankbaarheid met die breek van die brood aan die liggaam van Christus wat vir ons gebreek is - ons dink met diep dankbaarheid, wanneer ons die wyn / sap drink, aan die bloed van Christus wat vir ons uitgegiet is ter vergewing van ons sondes. Deur die instelling (ritueel) van die nagmaal, eukharistia, sê ons dankie vir ons ewige verlossing. Dankbaarheid as ritueel kan soms ook in die werkplek of by die huis voorkom wanneer kollegas of familielede vir mekaar sê wat dit is wat hulle van mekaar waardeer. In hierdie opsig is dankbaarheid ook 'n manier van erkenning gee.

Mens kan ook dankbaarheid 'kweek' ast'e ware. Dankbaarheid kan 'n gewoonte of praktyk word. Die Engels beskryf dit goed: "Gratitude as a practice". Die woord 'practice' herinner ons dat ons dankbaarheid kan oefen, en beter kan word met tyd in ons beoefening daarvan. Dink aan Jacco Viljoen wat die tjello so mooi speel ... Jacco het nie net die tjello opgetel en Vivaldi se 'Spring' die eerste keer gespeel nie. Nee, dit kom na jare se oefening! Net so kan ons beter word in ons beoefening van dankbaarheid deur ons aksies. Ek wonder hoe sou dit wees as ons verbied was om die woorde 'dankie', 'dankbaar', 'waardeer' te sê. Hoe sou mense geweet het dat ons werklik dankbaar is teenoor hulle? Hoe sou ons ons dankbaarheid teenoor God kon bewys sonder woorde of liederes van dankbaarheid? Dis maklik om te sê dat iemand anders moontlik die goeie intensie van jou hart kan raaksien of dat God na die hart kyk maar dis 'n tipe dankbaarheid wat nie baie kos nie. Dankbaarheid wat bewys word deur aksie; 'n dankbaarheidspraktyk (gratitude practice) - ek kan myself indink dat Schalk van Heerden hierdie sou vertaal as: "Nie net praat nie maar ook doen!"

Ek't groot geword met die lerieke: "Dis weer Oktober die mooiste maand" maar by FGK het ons, ons eie 'jingle' (ek weier om dit as 'klingel' te vertaal) wat as volg klingel (ek kan nie glo ek't sopas klingel

gesê nie): “Tiende maand is dankmaand!” Ons daag mekaar gewoonlik gedurende die tiende maand uit om ons dankbaarheid deur dankbaarheidspraktyke (aksies) te bewys. ’n Dankbaarheidspraktyk kan menigte vorme aanneem bv. ets vir iemand doen of gee sonder erkenning te soek of om te gee en anoniem te bly. Ons het die vryheid om vindingryk te wees met hoe ons kies om ons dankbaarheidspraktyk te beoefen. Ons kan ook besluit om tiendemaand letterlik op te neem en ’n tiende (of selfs meer) vir die Here te gee om ons dankbaarheid te bewys - nie net in woord nie maar deur ons aksies. Is daar iets waarvoor ons dankbaar voel teenoor mekaar? Teenoor die Here? Is ons opreg dankbaar vir hoe ons deurgedra was gedurende hierdie krisis? Wat kan ons doen om ons dankbaarheid aan God te bewys? (sonder dat die linkerhand weet wat die regterhand doen Matt. 6:3).

Dankbaarheid bewys deur aksie (’n dankbaarheidspraktyk te kies gedurende dankmaand en dit beoefen) het ook ’n rimpeleffek: dit voel goed om te gee en die goeie gevoel wat opregte dankbaarheid bewys deur stil aksie lei dikwels na ’n opregte begeerte om meer vrygewig te wil lewe. Tiende maand is dankmaand: kom ons gaan saam op ’n reis om ons dankbaarheid te bewys; nie slegs deur woord nie maar deur aksie.

- *Geskryf deur Jean Pelser*

DONDERDAG - 1 OKTOBER 2020

Luister na/Lees die Openingswoorde van ons kalender

GEMEENTEGEBED: Die tema vir ons daaglikse gemeentegede is hierdie maand dankbaarheid, en wanneer die Skrif ons aansê om dankbaar te wees, is daar geen duideliker opdrag as 1 Tessalonisense 5:16-18 nie, naamlik: "Wees altyd bly. Bid gedurig. Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag." (klem bygevoeg.) Wanneer ons dus dink aan dankbaarheid, besef ons dat ons gevra word om dankbaar te wees vir die goeie sowel as die oënskynlik minder goeie dinge wat God in ons lewe toelaat. Ann Voskamp, die skrywer van die trefferboek "One Thousand Gifts" stel dit kort en kragtig: sê ook dankie vir "cancer and crucifixion." Ω

NOGTANS...

Habakuk het die geheim van "nogtans" geken wanneer dinge vir hom skeef geloop het: "Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees, nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder." (Habakuk 3:17-18).

So leer ons om ook dankie te sê vir negatiewe dinge deur die "nogtans"-antwoord vir elke negatiewe situasie in die Skrif te soek en dit ons lof- en dankgebed te maak.

VRYDAG - 2 OKTOBER 2020

GEMEENTEGEBED: Begin jou maand van dankbaarheid deur 'n lys te maak van al die gevolge wat Covid-19 in jou lewe veroorsaak het, die goeie sowel as die minder goeie, en dank God vir dit alles. Dink na oor hoe jy die lesse wat jy geleer het, gaan toepas as die grendeltyd nie meer deel van jou lewe is nie en sê dankie vir wat jy geleer het. Ω

NOGTANS ...

"En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee.... . Wees altyd dankbaar." (Kolossense 3:15)

"U leer my hoe om te lewe. By U is daar oorvloedige blydschap. Uit u hand kom net wat mooi is." (Psalm 16:11)

"Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is." (Romeine 8:28)

SATERDAG - 3 OKTOBER 2020

Hartsvoorbereiding van Erediensteks: Eksodus 20:1-20

GEMEENTEGEBED: Bid vir alle bejaardes: die wat so verswak is dat hulle persoonlike sorg nodig het, die wat eensaam is, die wat verlang na hulle kinders wat oorsee woon; die wat nie meer hulle eie motors kan bestuur nie en afhanklik is van ander vir vervoer, ensovoorts. Ω

"Dit verseker Ek jou: Toe jy jonger was, het jy self jou klere vasgemaak en gegaan waar jy wil; maar wanneer jy oud is, sal jy jou hande uitsteek, en iemand anders sal jou vasmaak en jou bring waar jy nie wil wees nie." (Johannes 21:18-19b)

NOGTANS ...

"Al is ek afgetakel na liggaam en gees, God is my sterkte; aan Hom behoort ek vir altyd." (Psalm 73:26)

"Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie. Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe." (2 Korintiërs 4:16)

"Ook tot in julle ouderdom is Ek die Here, tot in julle grysheid sal Ek julle dra. Ek het julle gemaak en Ek sal julle vashou, julle dra en julle red." (Jesaja 46:4)

"Wysheid kom in die gryse ouderdom en insig na baie jare. By God is wysheid en krag, by Hom is raad en insig." (Job 12:12-13)

SONDAG - 4 OKTOBER 2020

Erediensteks: Eksodus 20:1-20

(opname beskikbaar op webwerf www.fgk.co.za/gesprekke).

GEMEENTEGEBED: Bid vir vandag se eerste erediens in die kerk gebou na die grendeltyd, en die gelyktydige aanlynuitsending; ook vir die prediker, diensspan, musikante en almal wat in die kerk of tuis deel gaan wees hiervan. Bid ook vir diegene wat nie toegang het tot een van die twee opsies nie weens gebrek aan vervoer of gebrek aan kennis of beskikbaarheid van elektroniese media. Ω

NOGTANS ...

"Verkondig die woord; hou daarmee vol, tydig en ontydig..." (2 Timoteus 4:2)

"Ek het geplant, Apollos het natgegooi, maar dit is God wat laat groei het." (1 Korintiërs 3:6)

"Die ander saad het in goeie grond geval en 'n oes gelewer, party honderdvoudig, ander sestigvoudig en ander dertigvoudig. "Wie ore het, moet luister!" (Matteus 13:8-9)

MAANDAG - 5 OKTOBER 2020

Herhaling en dieper delf van Erediensteks: Eksodus 20:1-20

(opname beskikbaar op webwerf www.fgk.co.za/gesprekke).

GEMEENTEGEBED: Bid vir die bediening aan ons kinders en jongmense en almal wat hier leiding gee. Bid vir ouers wat self die kategeese aanbied, vir spesiale gesinsgroeityd en vir die tieners wat aanlyn saam gesels, asook vir die in persoon tye op Sondag. Bid ook vir kinders in huise waar ouers onverskillig staan teenoor die godsdienstige opvoeding van hulle kinders omdat hul self onseker is. Ω

NOGTANS ...

"Saai jou saad in die môre, gaan in die laatmiddag daarmee voort. Jy weet nie watter van die twee sal 'n oes lewer nie en of altwee ewe goed sal wees nie." (Prediker 11:6)

"Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie." (Spreuke 22:6)

DINSDAG - 6 OKTOBER 2020

GEMEENTEGEBED: Bid vir die belydenisklas, hulle ouers en gebedsouers en Jaco de Witt wat hulle begelei. Bid ook spesiaal vir die lede van die groep wat nie sterk gemotiveer is nie, en ook vir die gevolge van die feit dat daar vanjaar baie onderbrekings was as gevolg van Covid-19. Ω

NOGTANS ...

"... Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees." (Jeremia 31:33b)

"Mag ons seuns wees soos plante wat hoog groei in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare, uitgebeitel soos vir 'n paleis." (Psalm 144:12)

WOENSDAG - 7 OKTOBER 2020

GEMEENTEGEBED: Bid vir die gemeentelike Bybelstudies van Woensdae en Donderdae, veral ook vir diegene wat weens omstandighede of gebrek aan belangstelling nie deel is hiervan nie. Ω

NOGTANS ...

"Die bevele van die Here dui die regte koers aan: dit bring blydskap. Die gebod van die Here is helder: dit gee insig." (Psalm 19:9)

"Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart." (Hebreërs 4:12)

DONDERDAG - 8 OKTOBER 2020

GEMEENTEGEBED: Bid vir siekes, diegene wat tans in hospitale is en nie besoek mag ontvang nie, die wat tuis of in inrigtings verpleeg word, en die wat siek is maar steeds na hulleself kan omsien. Ω

NOGTANS ...

"Hy het hulle met 'n enkele woord gesond gemaak ... " (Psalm 107:20a)

"Drie maal het ek die Here gebid dat dit [die doring in my vlees] van my af weggeneem moet word. Sy antwoord was: 'My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.' Daarom sal ek baie liever oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees." (2 Korintiërs 12:8-9)

VRYDAG - 9 OKTOBER 2020

GEMEENTEGEBED: Bid vandag vir die boere in die landbousektor, waar oeste afhang van klimaatstoestand en ander natuurverskynsels soos droogte en haelstorms, peste en plaë. Sê dankie vir ons alwyse God wat in beheer is van dit alles. Ω

NOGTANS ...

"Gaan kyk na die mier, luiaard, kyk hoe hy werk, en leer by hom." (Spreekw 6:6)

"Ek het droogte laat kom oor die land en oor die berge, oor die koring, die wyn en die olie en oor die opbrengs van die land, oor mens en dier en oor alles waarmee die mens hom besig hou." (Haggai 1:11)

"Vir U is selfs die duisternis nie donker nie en die nag so lig soos die dag, duisternis so goed soos lig." (Psalm 139:12)

SATERDAG - 10 OKTOBER 2020

Hartsvoorbereiding van Erediensteks: Eksodus 32:1-14

GEMEENTEGEBED: Bid vandag vir mense wat honger ly en vir al die instansies wat in hierdie dae uitkoms bied vir hulpbehoewendes en haweloses, soos skuilings, voorsiening van kos, ensovoorts, dat hulle in staat sal wees om hulle werk voort te sit. Bid ook vir almal wat in die A-raam by die kerk gehuisves word en vir almal wat daarmee behulpsaam is. Vra die Here om jou te wys wat Hy in dié opsig van jou vra. Sê ook dankie vir die Here se voorsiening aan jou en jou familie. Ω

NOGTANS ...

"Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen." (Matteus 25:40)

"Ek was jonk en ek het oud geword, maar nooit het ek 'n regverdige verlate gesien of dat sy nageslag brood soek nie." (Psalm 37:25)

"Telkens wanneer jy genoeg geëet het, moet jy die Here jou God dank vir hierdie goeie land wat Hy aan jou gegee het." (Deuteronomium 8:10)

SONDAG - 11 OKTOBER 2020

Erediensteks: Eksodus 32:1-14

(opname beskikbaar op webwerf www.fgk.co.za/gesprekke)

GEMEENTEGEBED: Bid soos gewoonlik vir vandag se eredienste in die kerk gebou, sowel as die aanlyn uitsendings. Bid vir die prediker, die musikante en diensspan en almal wat die boodskap sal hoor, dat dit op goeie grond sal val en vrug dra tot die uitbreiding van die koninkryk. Ω

NOGTANS ...

"Die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaamheid aan God, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee." (Romeine 14:17)

MAANDAG - 12 OKTOBER 2020

Herhaling en dieper delf van Erediensteks: Eksodus 32:1-14

(opname beskikbaar op webwerf www.fgk.co.za/gesprekke).

GEMEENTEGEBED: Die werklikheid van Covid-19 het 'n negatiewe uitwerking op baie fasette van die samelewing, en veral ook op die ekonomie. Bid baie spesiaal vir pogings wat aangewend word om die ekonomie te herstel en veral vir mense wie se sake-bedrywigheede en geestelike welstand en gemoedsrus ly onder die swak ekonomie. Ω

NOGTANS ...

"Hou julle lewe vry van geldgierigheid; wees tevrede met wat julle het. God self het gesê: 'Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie.'" (Hebreërs 13:5)

DINSDAG - 13 OKTOBER 2020

GEMEENTEGEBED: Noudat die grendeltyd verskuif het na fase 1 word al meer bedelaars weer by straathoeke opgemerk, en dikwels is dwelmverslawing dan ook 'n moontlikheid. Bid vir alle verslaafdes en sê dankie vir die groepie gemeentelide wat hulle ontferm oor verslaafdes, asook dankie vir twee jong mans onder hulle sorg wat onlangs hulle tyd by 'n rehabilitasiesentrum suksesvol voltooi het. Bid dat hulle staande sal by teen die versoeking van verdere dwelmgebruik en dat verhoudings met ouers en familielede volkome herstel sal word. Ω

NOGTANS ...

"Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder 'n slawejuk laat indwing nie." (Galasiërs 5:1)

"Eers as die Seun julle vry maak, sal julle werklik vry wees." (Johannes 8:36)

WOENSDAG - 14 OKTOBER 2020

GEMEENTEGEBED: Bid vir die navorsing wat wêreldwyd gedoen word om 'n entstof teen Covid-19 te kry en sê dankie vir vordering wat reeds gemaak is. Ω

NOGTANS ...

"Ook dit is iets wat van die Here die Almagtige af kom; kennis wat van Hom kom, is wonderbaar en laat alles voorspoedig verloop." (Jesaja 28:29)

DONDERDAG - 15 OKTOBER 2020

GEMEENTEGEBED: Bid vir almal wat in regeringstrukture werk. Bid vir gevalle waar korrupsie steeds hoogty vier en sê dankie vir diegene wat verstaan dat hulle 'n roeping het om uit te leef. Ω

NOGTANS ...

"As jy die goddeloses by die koning wegvat, kan hy regverdig bly regeer." (Spreuke 25:5)

"Die Here is hoog verhewe, Hy woon in die hoogte; Hy sal sorg dat daar in Sion reg geskied en reg gedoen word." (Jesaja 33:5)

VRYDAG - 16 OKTOBER 2020

GEMEENTEGEBED: Bid vir polisiebeamptes, weermaglede, tronkbewaarders, sekuriteitswagte en almal wat orde moet handhaaf, en bid dat hulle sal optree met reg en geregtigheid en 'n bewustheid van die nood van mense wat hulle moet beheer. Ω

NOGTANS ...

"Mens, die Here het jou bekend gemaak wat goed is: Hy vra van jou dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God." (Miga 6:8)

SATERDAG - 17 OKTOBER 2020

Hartsvorbereiding van Erediensteks: 1 Tessalonisense 1:1-10

GEMEENTEGEBED: Sê dankie vir ons hemelse Vader se sorg, ook in die grendeltyd. Bid vir diegene van wie jy weet wat gebrek ly. Ω

NOGTANS ...

"Is twee mossies nie vir 'n sent te koop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie. Van julle is selfs die hare op julle kop almal getel. Moet dan nie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies." (Matteus 10:29-31)

SONDAG - 18 OKTOBER 2020

Erediensteks: 1 Tessaloniense 1:1-10

(opname beskikbaar op webwerf www.fgk.co.za/gesprekke).

GEMEENTEGEBED: Sê dankie vir 'n rusdag wat deur God bepaal is en bid vir vandag se dienste in die kerk gebou en elektronies. Bid vir die prediker, diensspan en musikante. Ω

NOGTANS ...

"God, die Allerhoogste, woon egter nie in geboue wat deur mense gemaak is nie. Soos die profeet dit stel: Die hemel is my troon en die aarde die rusplek vir my voete, sê die Here. Watter soort huis sal julle tog vir My bou of watter plek as my rusplek?" (Handelinge 7:48-49)

MAANDAG - 19 OKTOBER 2020

Herhaling en dieper delf van Erediensteks: 1 Tessaloniense 1:1-10

(opname beskikbaar op webwerf www.fgk.co.za/gesprekke).

GEMEENTEGEBED: Bid vir alle werkers wat in hierdie tyd gebrek ly omdat hulle werkgewers hulle nie kan of wil besoldig nie of hulle afgedank het. Bid ook oor jou eie werkers en dié in diens van die gemeente en sê dankie vir hulle getrouheid. Ω

NOGTANS...

"En God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk." (2 Korintiërs 9:8)

DINSDAG - 20 OKTOBER 2020

GEMEENTEGEBED: Sê dankie vir die vordering wat gemaak is met die herstel van die gemeente se finansies en vir gereelde bydraes wat gemaak word ten spyte van die grendeltyd. Bid ook vir diegene wat nog huiwer om by te dra. Ω

NOGTANS ...

"Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief." (2 Korintiërs 9:7).

"God wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, sal ook aan julle saad gee en dit laat groei en julle vrygewigheid 'n ryk oes laat oplewer." (2 Korintiërs 9:10)

WOENSDAG - 21 OKTOBER 2020

GEMEENTEGEBED: Sê dankie vir verpleegpersoneel en dokters wat onder moeilike omstandighede werk en blootgestel word aan besmetting. Bid vir hulle beskerming Ω

NOGTANS ...

"... Daar staan mos geskrywe: Hy sal sy engele oor jou opdrag gee en: Op hulle hande sal hulle jou dra, sodat jy nie jou voet teen 'n klip sal stamp nie." (Matteus 4:6)

DONDERDAG - 22 OKTOBER 2020

GEMEENTEGEBED: Sê dankie vir die ekstra tyd wat inperking bied om jou meer as ooit te verdiep in die Skrif en gebed. Bid dat dit vrug sal dra in jou en jou geliefdes se lewens. Ω

NOGTANS ...

"So sal die woord wat uit my mond kom, ook wees: dit sal nie onverrigter sake na My toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Ek dit gestuur het." (Jesaja 55:11)

"Die Here my God het my geleer om die regte woorde te gebruik sodat ek dié wat moeg is, kan moed inpraat. Elke môre laat Hy my opnuut weer luister, Hy laat my luister soos 'n leerling moet luister." (Jesaja 50:4)

VRYDAG - 23 OKTOBER 2020

GEMEENTEGEBED: Die inperking maak ons onseker en bekommerd oor die toekoms omdat ons nie weet hoe lank dit gaan duur nie. Nodiger as ooit verg dit onwrikbare vertroue op ons hemelse Vader wat alleen in beheer is van die toekoms. Dank Hom hiervoor. Bid vir rustigheid en vertroue in die onseker tyd van afwagting wat volgens sommige deskundiges dalk nog twee jaar kan duur. Bid vir die vermoë om in vertroue te wag soos God dit van ons vra. Ω

NOGTANS ...

"Kom nou, julle wat sê: 'Vandag of môre sal ons na dié en dié stad toe gaan en 'n jaar lank daar bly; ons sal sake doen en geld maak ... Julle wat nie eers weet hoe julle lewe môre sal wees nie! Julle is maar 'n damp wat 'n oomblik verskyn en sommer weer verdwyn. Julle moet eerder sê: 'As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen.'" (Jakobus 4:13-15)

"Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing." (2 Timoteus 1:7 OAV)

"Bedaar en erken dat Ek God is, hoog bo die nasies, hoog bo die aarde. Die Here, die Almagtige, is by ons, die God van Jakob is vir ons 'n beskutting." (Psalm 46:11-12)

SATERDAG - 24 OKTOBER 2020

Hartsvorbereiding van Erediensteks: 1 Tessalonisense 2:1-8

GEMEENTEGEBED: Bid vir ons land en die wêreld se ekonomie en vir die herstel daarvan. Bid veral vir besighede wat verliese ly a.g.v. die inperkings. Bid ook vir wysheid vir ons regering wat besluite moet neem in dié verband. Ω

NOGTANS ...

"Ook dit is iets wat van die Here die Almagtige af kom; kennis wat van Hom kom, is wonderbaar en laat alles voorspoedig verloop." (Jesaja 28:29)

SONDAG - 25 OKTOBER 2020

Erediensteks: 1 Tessalonisense 2:1-8

(opname beskikbaar op webwerf www.fgk.co.za/gesprekke)

GEMEENTEGEBED: Bid vir die vlot verloop van vandag erediens in die kerk sowel as die aanlynuitsending van die erediens, vir die prediker en die leierspan en musikante wat hiermee behulpsaam is. Ω

NOGTANS ...

"Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeente sê." (Openbaring 3:6)

MAANDAG - 26 OKTOBER 2020

Herhaling en dieper delf van Erediensteks: 1 Tessalonisense 2:1-8

(opname beskikbaar op webwerf www.fgk.co.za/gesprekke).

GEMEENTEGEBED: Sê dankie vir die wyse waarop die gemeenteraad gemeentesake hanteer en bestuur. Bid vir hulle vir wysheid en onderskeiding. Ω

NOGTANS ...

"As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs. As die Here die stad nie beskerm nie, waak dié wat dit beskerm, tevergeefs." (Psalm 127:1)

"Sommige vertrou op strydwaens en ander op perde, maar óns, ons vertrou op die Naam van die Here ons God." (Psalm 20:8)

DINSDAG - 27 OKTOBER 2020

GEMEENTEGEBED: Bid vir leerders en leerkragte wat 'n agterstand het om in te haal en moet aanpas by roosters en leerplanne wat a.g.v. Covid-19 omver gewerp is. Ω

NOGTANS ...

"Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons lewe in 'n goddelose tyd."
(Efesiërs 5:16)

"Leer ons ons dae so gebruik dat ons wysheid bekom." (Psalm 90:12)

WOENSDAG - 28 OKTOBER 2020

GEMEENTEGEBED: Bid vir die gebedsbediening van ons gemeente en vir almal wat deel is daarvan. Bid ook vir diegene wat moontlik onder die druk van Covid en wat dit meebring, dit moeilik vind om te bid. Ω

NOGTANS ...

"Nee, as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon." (Matteus 6:6)

"'n Ander engel het toe gekom en by die altaar gaan staan met 'n goue wierookbak. Daar is baie wierook aan hom gegee om dit saam met die gebede van al die gelowiges op die goue altaar voor die troon te offer." (Openbaring 8:3)

DONDERDAG - 29 OKTOBER 2020

GEMEENTEGEBED: Bid vir depressielyers, asook vir diegene wat gebuk gaan onder buitengewone swaarmoedigheid weens die invloed van Covid-19 op hulle daaglikse handel en wandel. Ω

NOGTANS ...

"Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe." (Spreuke 4:23)

"Die Gees van die Here my God het oor my gekom; die Here het my gesalf om 'n blye boodskap te bring aan die mense in nood, Hy het my gestuur om dié wat moedeloos is, op te beur..." (Jesaja 61:1a)

VRYDAG - 30 OKTOBER 2020

GEMEENTEGEBED: Bid vir almal wat rou oor die dood van 'n geliefde en ekstra swaar dra aan die besonderhede van die heengaan weens die buitengewone omstandighede wat die afsterwe van iemand in die grendeltyd tot gevolg het. Ω

NOGTANS ...

"Maar ons leef in die verwagting van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat God belowe het en waar die wil van God sal heers." (2 Petrus 3:13)

"Hy sal al die tranes van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan."
(Openbaring 21:4)

"... Soos die môreson sal Hy opgaan en uit die hoogte op ons afstraal, om lig te bring aan dié wat in duisternis en in die skaduwee van die dood lewe, om ons voetstappe te rig op die pad van vrede." (Lukas 1:78-79)

SATERDAG - 31 OKTOBER 2020

Hartsvorbereiding van Erediensteks: 1 Tessalonisense 2:9-13

GEMEENTEGEBED: So het nog 'n maand van grendeltyd verbygegaan en kan ons dankbaar terugkyk vir die goeie én wat ons beleef het as die minder goeie uit ons Vader se hand, en vorentoe kyk na wat ook al voorlê, om dit met vertrouwe en danksegging tegemoet te gaan. Ω

NOGTANS ...

"Maar dít sal ek ter harte neem en om dié rede bly ek hoop: deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan sy ontferming nie, dit is elke môre nuut. U trou is groot." (Klaagliedere 3:21-23)

"Geloof sy die Here! Dag na dag dra Hy ons! God is ons hulp!" (Psalm 68:20)

Hierdie gebedskalender is saamgestel

deur Rosalie van Aswegen